# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

8 Augustus 2021



www.gkcachet.org.za

| Afrikaanse Eredienste | English Worship Service |
|---|---|
| Sondae 09:30 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 10:45<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor** | **Predikant** |
| Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Hulppredikante:**
Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Koster en PowerPoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Stephan Oosthuizen – 084 350 1569

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Erediens preke en oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Joint Service

## Rev Noah Kim

**Scripture Reading: Luke 7:36-50**

**Theme: Do you love Me more than these? Then feed My sheep**

Live Streaming

# Aanddiens

## Ds Brahm Robinson

**Skriflesing: Spreuke 7**

**Tema: God gee sy Woord om versoekings te weerstaan**

Uitsending




## ***Lief en Leed:***





## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

| **Vir die werk van die diakonie:** | |
|---|---|
| Snapscan vir die eerste kollekte:<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287 | **Oggend 1ste kollekte:**<br>Teologiese Biblioteek (GKSA)<br><br>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Teologiese Biblioteek (GKSA)<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| **Vir die werk van die diakonie:** | |
|---|---|
| Snapscan vir tweede kollekte:<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324 | **Aand 2de kollekte:**<br>Instandhouding van die GS<br><br>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Instandhouding van die GS<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

10 Augustus Cecilia Engelbrecht

10 Augustus Peet van der Westhuizen



o God, ek wil opnuut my dank U bring en by die harp my psalmgesang U sing ...

Psalm 144:4a

# Administratief



**1. Attestaat vertrek**

- Krizanne Roodt na *GK Potchefstroom*

**2. Nagmaal**

Ons vier DV volgende Sondag, 15 Augustus, nagmaal. Dit sal tydens die aanddiens om 18:00 wees.

**3. Ds Brahm verlof**

Ds Brahm is vanaf 11-23 Augustus met verlof. Kontak asseblief Ds Noah of u wyksouderling indien nodig.



# Nuus vanaf Admin Buro

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

## Beroep aanvaar:

Ds Janré van Jaarsveld van GK Tsumeb na GK Boksburg

# NAGMAALETE



Sondag 15 Aug
om 12:00
by die GS



## VETKOEK & MAALVLEIS

RSVP by die meegaande skakel voor 13 Augustus

[Nagmaalete: vetkoek en maalvleis]




[Tafeltennis Inskrywingsvorm]


AANSOEKE VIR
Jubilavoorsitter
NOU OOP
KONTAK ESTMIA - 078 625 7400
AANSOEKE SLUIT 22 AUGUSTUS 2021



# SAY YES TO SECOND HAND

As jy klere het wat nog mooi is, maar jy dra dit nie meer nie... bring dit asb vir Cachet.

If you have clothes that are still good but you don't wear it anymore, please bring it to Cachet.

**BLY KALM en SORTEER JOU KAS UIT!**





**KEEP CALM and CLEAN OUT YOUR CLOSET!**

FOR MORE INFORMATION, CONTACT LIDA AT 0762634983

# Opsoek na 'n woonstelmaat!

Ek is tans besig met my Meesters in Tale en is opsoek na 'n woonstelmaat, in Potcefstroom, vir die res van 2021.
Verkieslik 'n student/werkende dame. Dus iemand rustig, aangesien ek die meerderheid van die dag vanaf die huis af moet werk.
Verder ook iemand wat nie allergies vir katte is nie - ek het 'n baie wollerige gemmerkat wat saam in die woonstel bly :)

Dit is 'n 2 slaapkamerwoonstel, met 2 badkamers, 'n klein stoep en sitkamer.
Baie goeie sekuriteit - kompleks met 2 sekuriteitshekke, en veiligheidskameras.
+- 2.3km vanaf die naaste NWU kampushek.

Huur beloop R3250 per maand, sonder water of krag.
Wifi ook beskikbaar teen 'n addisionele koste.

***Verwysings welkom.***
***Vir meer inligting, kontak my, Suzilna Wepener, by 079 377 7697.***

# Krale vir 'n Kalahari-orrel

**Die kerkorrel van die
Gereformeerde Kerk in Upington
kort dringende herstelwerk.
Die gemeente trek reeds swaar!
Kom ons sit hand by!!**

Skenk daardie krale, hangertjie, armband of ring wat jy nie meer dra nie, maar nog mooi genoeg is om 'n ander dames se hart opgewonde te maak. Die susters van Upington sal hierdie krale netjies verpak en van die hand sit... om kraal vir kraal die R120 000 in te samel om hul orrel te red!!



**Kontak vir
Lolita Benson in Potchefstroom 071 381 9964
Annette Schoeman in Pretoria 082 2122 479
Renate van Blerk in Upington 072 4321 329**

# DRINGENDE KENNISGEWING –

# KO Art 66 Oproep vir 'n Dag van Verootmoediging

# 15 Augustus 2021

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op Sondag 15 Augustus op.

Die motivering vir die dag is soos volg:

1. Die Covid-19 pandemie wat die wêreld geruk het en ook in Suid Afrika en Namibië die GKSA diepe hartseer veroorsaak het.
2. Die ongebreidelde kriminaliteit en plundery van winkels en infra-struktuur wat Suid Afrika die afgelope tyd teister. Voorbidding word veral gedoen vir die gemeentes en gemeenskappe in KZN en Gauteng wat intens hierdeur geraak is.
3. Stryd teen misdaad, ekonomiese bemagtiging van groot dele van die bevolking, tussen-etniese versoening en verbetering van owerheidsdienste en handhawing van wet en orde.
4. Dank vir milde reën oor groot dele van die land, maar ook 'n smeking vir genoeg reën vir droë gebiede soos dele van die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is nodig.
5. Groter respek vir die skepping en die stryd teen uitbuiting van die natuur.

Allereers, en voor enige gebedsversoeke, gaan dit oor lof aan God vir Sy genade jeens die sondige mensdom, en diepe verootmoediging en bepleiting van ons sondeskuld op grond van Christus se eenmalige kruisoffer.

# Kruispad e-tydskrif

## GKSA Jeug




**Ons God is 'n God van wonders!**

Ons lees in die Bybel dat die Here wonderwerke gebruik om die boodskap van die evangelie te bevestig. Dié wonderwerke was die bevestiging dat God se boodskap van verlossing waar is, en dit het die doel gehad om mense se geloof te versterk en hulle te bemoedig.

Het jy al gewens dat jy in daardie tyd kon geleef het om die wonders te aanskou? Ons het die wonderlike voorreg om van God se wonderwerke in die Bybel te lees. Meer nog, ons kan net rondom ons kyk om die wonderwerke in die alledaagse raak te sien. Óns God is dié God "*wat wonderdade doen*" (Psalm 77:15). Wanneer ons sê dat 'n wonderwerk enige bonatuurlike handeling van God in sy skepping is, sien ons regtig hoe baie wonderwerke daar is. Dink aan hoe die Here genesing bring waar ons nie dink dis moontlik nie. Dink ook kleiner: Alles wat bestaan, alles wat gebeur, alles wat jy het, kom uit die hand van die Here. Is dit nie ook maar net 'n wonderwerk nie?

In hierdie maand se Kruispad-tydskrif kyk ons na wonderwerke en antwoord vrae daaroor. Stuur gerus vir ons 'n e-pos as jy 'n vraag het.

Tot volgende maand,
**Die Kruispad-redaksie**

# *Ons God is 'n God van wonders*




**Wondertekens wys met dieper betekenis na Jesus**

In hierdie artikel leer ons wat 'n wonderwerk is en hoekom dit in die Bybel plaasgevind het. Daarna leer ons oor wondertekens en hoekom dit jou dieper moet laat kyk.




**Die wonderwerk van God se Woord**

Wanneer jy die Bybel lees dink aan hoe wonderlik dit is dat jy daarvan kán lees. Laat dit jou vul met die besef dat God groot en almagtig is. Lees die artikel hier.




As followers of Christ we are not acquitted from experiencing loss, however we have been promised the Lord's presence during such difficult times.

Join us for a series of three webinars and learn how you can grow in faith during times of loss.

## 1. Experiencing Loss

16 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Dr Nelia Drenth & Prof Gert Breed

## 2. Safe Places in Loss

23 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Prof Gert Breed

## 3. Opportunity for the Cross in Times of Loss

30 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Prof Naas Ferreira & Prof Derrick Mashau

061 519 6166 | kantoor@gksamissio.co.za
www.subscribepage.com/x2q1v1

GKB gereformeerde kerk brooklyn

expando

# GK Cachet Kalender: Augustus 2021

CACHET 50 years jaare
GEREFORMEERDE KERK
REFORMED CHURCH

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Aug. | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9<br>Vrouedag @ 00:00<br>Ouderling-vergadering @ 16:00 | 10<br>Breë Kerkraad-vergadering @ 18:00 | 11 | 12 | 13<br>Konings-kinderaksie @ 13:00 | 14 |
| 15<br>Gemeente-ete (Susters) @ 12:00<br>Nagmaal @ 18:00 | 16 | 17<br>Koffiekroeg @ 19:00<br>Susteraksie @ 19:00<br>Broeder braai @ 19:00 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27<br>Feeskamp | 28<br>Feeskamp |
| 29<br>Feeskamp | 30 | 31<br>Koffiekroeg @ 19:00 | | | | |



Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

Augustus 2021

## Die krag van die gebed in die pandemie-tyd

## Die PEPUDA-wetswysigings en godsdiensvryheid

www. gksa.org.za




# Inhoud

## Augustus 2021

**JAARGANG 122, NO. 3359**
**Augustus 2021**

1 VAN DIE REDAKTEUR
Verootmoediging belangriker as entstof

4 UIT DIE WOORD
Die Here bly by sy kind

6 REDAKSIONEEL
Die krag van die gebed in die pandemie-tyd

8 BRANDPUNT
Doen wat jou hand vind om te doen

FOKUS
10 Die PEPUDA-wetswysigings en godsdiensvryheid

IN DANKBARE HERINNERING
14 Prof. CJH Venter

VAN ORALOOR
16 Die GKSA 'n waardige vennoot
18 Pretoria-Montanapoort "mondigwording"

19 Lief en Leed
20 Kerklike administrasie
22 Kleinadvertensies


**REDAKSIEKOMMISSIE**
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

**Adresbesonderhede:**
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

**Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):**
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R323
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R465
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R437
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R135

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

# Verootmoediging belangriker as entstof



Die koronavirus, ook bekend as Covid 19, is nou reeds 18 maande wêreldwyd en in ons land aan die woed. Met die skryf van hierdie artikel het die derde vlaag van die pandemie sy piek bereik, met die gevaarlike Delta-variant wat baie meer aansteeklik is en baie vinniger versprei. Al hoe meer hospitale het nie meer beskikbare beddens nie, en daar is plekke wat nie meer suurstof beskikbaar het nie.

Intussen word daar geskarrel om soveel mense so gou moontlik teen die virus in te ent. Uiteenlopende menings word uitgespreek oor watter entstof die mees effektiewe is, en of dit enigsins effektief is. Talle mense weier om die inenting te kry, om watter rede ook al. Beskuldigings word gemaak oor wie verantwoordelik is vir die stadige vordering met die proses. Dit is min of meer die prentjie in die eerste dae van Julie.

## Verootmoediging belangriker as entstof

In hierdie artikel, waarin gesoek word na die lig en perspektief van God se Woord op ons tyd en ook op die pandemie wat voortwoed, wil ek die stelling maak dat verootmoediging voor die enige ware God belangriker is as entstof. Daarmee sê ek nie die entstof is nie belangrik nie. Inteendeel. Ek het self reeds my twee inentings gekry. Ons moet dankbaar gebruik maak van die mediese wetenskap wat ook ’n middel in God se hand is.

Maar daar is ’n ander (en allesoorheersende) waarheid waarmee daar myns insiens glad nie genoegsaam rekening gehou word nie. Uiteindelik is God in beheer van die virus en die verspreiding daarvan en die tyd wat dit nog met ons sal wees. Verder is ook die virus, soos enige ander siekte of plaag of ramp ’n gevolg van die sondeval van die mens.

In die paradys was alles volmaak. Daar sou geen siekte (of die dood) gewees het as die sonde nie in die wêreld gekom het nie. Daarom ervaar ons – ook in die pandemie – die tugtigende hand van die Here. En daarom word ons meer as ooit opgeroep tot verootmoediging voor die aangesig van die lewende God, en nie in die eerste plek om ons maar net te laat inent nie.

Wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, word in Artikel 66 van ons Kerkorde die volgende gestel: *“In tye van oorlog, PESTILENSIE* (my beklemtoning – CFCC)*, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, ’n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.”*

In die weke waarin die hou van eredienste deur die inperkingsmaatreëls van die owerheid verbied word, is die konkrete uitvoering van Artikel 66 Kerkorde miskien moeiliker. In hierdie tyd maak ons kerke

egter ook gebruik van elektroniese uitsendings, en is daar geen verskoning om as kerke ons op dié manier voortdurend te verootmoedig nie.

### Ware verootmoediging

Ware verootmoediging is ook baie meer as net 'n saak van een dag of een geleentheid. Ware verootmoediging is 'n leefwyse. In Klaagliedere 3:29 lees ons hierdie aangrypende woorde (1933/53-vertaling): *"Laat hy sy mond in die stof steek."* (Vgl. ook die 2020-vertaling.) In die 1983-vertaling staan daar: *"Laat hy hom diep verootmoedig."* Die beeldspraak in die eerste twee genoemde vertalings sien op die gebruik in die ou Ooste om jou met jou gesig na die grond voor 'n hooggeplaaste persoon neer te werp. So onderwerp jy jou volkome aan die een wat hoog verhewe is. Een verklaarder sê dit kan ook sien op die koning wat sy voet op die nek van sy verslane vyand sit.

Diep verootmoediging is dus 'n houding en gesindheid van absolute oorgawe en onderworpenheid; van smart en skaamte en selfveragting; van opregte sondebesef en berou onder God se tugtigende hand; van erkenning van God se soewereiniteit en almag en erkenning van jou nietigheid en kleinheid voor God se oneindige hoogheid en majesteit.

Dit is oor die gebrek aan hierdie ware verootmoediging (waarvoor geen owerheid geblameer kan word nie) dat daar myns insiens groot rede tot kommer is. Is die meeste mense nie net bekommerd oor wanneer hulle weer op volgepakte pawiljoene, sonder maskers en afstand (soos onlangs by Wimbledon) sal kan sit nie; oor wanneer drank weer vrylik beskikbaar sal wees en restaurante en kuierplekke oop; oor wanneer die ekonomie weer herstel nie?

Mag ons troue Verbondsgod ons geloofsoë open vir die ware perspektief op die pandemie, en ons roeping te midde daarvan. Mag Hy aan ons in sy groot genade die ware, diep verootmoediging en gepaardgaande bekering gee. En miskien is daar hoop (Klaagl. 3:29b). CFCC

## BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u van harte bedank vir u volgehoue steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang, soos wat ons in die vorige uitgawe versoek het. Ons oorweeg om mettertyd al hoe minder van die Poskantoor gebruik te maak, in die lig van swak diens wat dikwels ervaar word, maar ook om koste te bespaar. Die Redaksie oorweeg om mettertyd oor te skakel na groepsintekening, waar *Die Kerkblad* dan per koerier by elke gemeente afgelewer word.

Hierdie verspreidingsmetode kan egter alleen werk as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente is nie.
- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

*U kan die inligting per e-pos stuur na: kerkblad@gksa.co.za*

Baie dankie vir u hulp, asook u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Hartlike groete, die Redaksie


V&R Drukkery (Edms) Bpk
Skakel Ludick Venter of Elzabé Vosloo vir enige navrae
Elandstraat 12, Koedoespoort
E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za
Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643
V&R drukkery (edms) bpk printing works (pty) ltd Since 1946
• kaartjies
• nuusbriewe
• brosjures
• tydskrifte
• kalenders
• sagte- en hardebandboeke
• digitale drukwerk
• grafiese ontwerp
Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!
Sedert 1946 in die Drukkersbedryf


Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za
Pretoria FM
hoop, glo, lééf
in Afrikaans
WÊRELDWYD
Sondag luistergenot - 06H00 tot 24H00 | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)

# Die Here bly by sy kind

***Lees:*** ***Jona 1***
***Teks:*** ***Jona 1:4-10***

Is die Here by jou? Wil jy die Here by jou hê? Meestal is ’n mens se antwoord dadelik: “Ja!” Ons is oortuig daarvan die Here is by ons en ons wil dit graag so hê. Soms is die antwoord egter: “Nee!” ’n Mens kan doelbewus van God af probeer wegkom. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer iemand:

- ná die ervaring van trauma vra: Waarom het God dit toegelaat?
- weier om van ’n bepaalde sonde af te sien; hy in opstand teen God is.

Jona was in hierdie groep. God het hom Nineve toe gestuur om te gaan preek. Hy het gedros. Hy het probeer wegvlug van God af. Jona kom toe agter dat die Here God altyd bly by die een wat Hy roep. Soos Jona is ons geroep om dissipels van die nasies te maak. In die Jona-verhaal gee die Here God enersyds ’n kykie in die spieël na onsself. Andersyds openbaar Hy Homself.

## Die Here beheer ons omstandighede

Jona wou graag ’n ongewenste opdrag ontvlug. Hy beland toe in diepe waters. Die rede? *Maar die Here het ’n kwaai storm oor die see laat opkom* (Jona 1:4).

Wanneer die nood druk, verwag ’n mens dat gelowiges sal bid. Nie Jona nie. Hy het eerder in die onderste gedeelte van die skip in ’n diep slaap ontvlug. Op die stormsee was die heidense matrose die enigste bidders. Die storm het net erger geword … en die kaptein het na hom toe gegaan en vir hom (Jona) gesê: *“Wat is dit met jou dat jy lê en slaap? Staan op en bid tot jou god. Miskien sal hy aan ons dink en dan sal ons nie vergaan nie”* (Jona 1:6).

Watter ironie dat die heidense skeepskaptein Jona tot gebed oproep! Hoe tragies as die wêreld vir die kerk sê: “Julle moet bid!”

Toe die nood groter word, het die bemanning vir mekaar gesê: *“Kom ons trek lootjies sodat ons kan uitvind oor wie hierdie ramp ons tref”* (Jona 1:7). Hulle het gedink iemand moes die skuld dra vir hulle nood op die stormsee. God het Jona deur die lot as die skuldige uitgewys.

Op die bang matrose se vraag het Jona geantwoord: *Ek is ’n Hebreër. Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het* (Jona 1:9). Soveel ironie is in hierdie

woorde opgesluit: die profeet wat geweier het om met die heidene in Nineve oor God te praat, praat toe met die heidene op die skip oor Hom. Hy het op die see wat die Here gemaak het, probeer wegvaar om onder die oog van die Here en buite bereik van sy hand te kom. Die Here het ’n spieël voor Jona opgehou. Die skeepslui was getuies.

Deurentyd het die Here God by Jona gebly. Ook toe Dawid die Gees van die Here wou ontvlug, het hy ontdek: die Here bly by sy kind (Ps. 139:7-12).

### Goeie nuus!

God wat kinders van Abraham uit klippe kan verwek, kon sekerlik tien gewillige profete in Jona se plek Nineve toe stuur. Hy sou maklik sy drosterprofeet kon afskryf.

Die mens se aard is dat hy niks met God te make wil hê nie. Daar is nie talle dienaars wat getrou die Here se opdrag uitvoer nie. Trouens, God het maar Één gehad wat sy werk getrou gedoen het: Jesus Christus. In Christus soek God ons op. Selfs wanneer ons probeer wegkom, is die Here God heeltyd by ons. Die Gees van die Here versag ons klipharde harte en gee ons ’n hart van vlees. Hy neem ons, drosterprofete, en maak ons gehoorsaam.

God is inderdaad, soos Jona later (4:2) sou sê, ’n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. Dit is nie net waar ten opsigte van die goddelose stad, Nineve, nie, maar ook ten opsigte van sy drosterprofeet. Deur Christus betoon Hy genade en barmhartigheid aan ons. Dit is goeie nuus!

Jona het die waarheid ontdek wat ook vir ons geld: die Here staan nie ontslag toe nie. Hy maak die een wat Hy roep, nie los nie. Hy betoon groot geduld selfs met sy eiewillige, hardkoppige dienaar.

Deur sy Gees dring Hy ons om sy opdrag uit te voer. Saulus was ook op sy eie pad toe die verheerlikte Christus op pad na Damaskus sy hart verander het. Hy het Christus begin verkondig. Hy sê by geleentheid: *Die liefde van Christus dring ons* (2 Kor. 5:14). Ek en jy wat ook geroep is om die evangelie uit te dra, kan dit saam met hom sê.

Ook ons wat net so halsstarrig en eiewillig soos Jona is, hoor vandag: Moenie dros nie! Aanvaar die opdrag wat die Here jou gee. Voer dit dadelik uit. Vervul jou roeping. Getuig onder leiding van die Heilige Gees in die wêreld van God se oordeel en genade.

### Slot

Ons is meestal oortuig daarvan dat die Here by ons is en dis vir ons goed. Soms kom iemand egter in verset en probeer doelbewus van God af wegkom. Jona was so ’n persoon. Saam met Jona ontdek ons dat die Here altyd by sy kind is. Hy handhaaf ons roeping.

Ek en jy moet ons roeping vervul. Ons moet dit doen tot eer van die Here, die Genadige en Barmhartige wat altyd by sy kind bly! DK

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
*Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.*
*Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.*

*SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.*
*Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974*

*LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544*
*UMHLANGA ROCKS 4320*

*E-pos: licorna@intekom.co.za*
*http://licorna.co.za*

# Die krag van die gebed in die pandemie-tyd

Die Covid 19-pandemie woed nou al vir meer as 18 maande, en as ons kyk na die statistieke, lyk dit nie of die einde in sig is nie. Daarby ly ons as kerke en as individuele gelowiges swaar onder die inperkingsmaatreëls. Met die skryf van hierdie artikel word eredienste steeds verbied. Ons mag mekaar nie opsoek as gelowiges en as families nie. Daar mag mense wees wat begin twyfel, wie se geloof wil wankel.

In hierdie tyd is daar een ding wat nooit van ons weggeneem kan word nie, wat deur niemand en niks ingeperk of verhinder kan word nie. Dit is die gebed. Ons lees in Psalm 50:15: "… en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy moet My eer." En in Jakobus 5:16 staan die bekende woorde: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." Albei hierdie verse (en nog baie meer) is so konkreet van toepassing op die tyd waarin ons leef. Die opdrag van 1 Tessalonisense 5:17 geld meer as ooit: "Bid sonder ophou." Ook die opdrag van Jesus Self in Lukas 21:36: "Waak dan, en bid altyddeur."

Ons wil aanvaar dat daar in hierdie tyd meer gebede tot God se troon opstyg as voor die pandemie. Daarvoor moet ons baie dankbaar wees. Maar dan moet ons ook weer groot erns maak met die wese van die gebed, soos ons dit in die Woord van God vind.

### Wese van die gebed

Wyle prof. Peet Coetzee het êrens geskryf: "As Koningskinders het ons 24 uur per dag 'n verbindingslyn met God se hemelse troonsaal – toegang tot die skatkamers van sy liefde, genade en beskerming. Deur gebed kan ons in 'n oogwink die afstand tussen hemel en aarde oorsteek en ons behoeftes aan sy voete neerlê. Geen besetkodes in gebede wat opreg na Hom toe kom nie. Ons is nie geestelike boemelaars nie, nee, God se erfgename in Jesus Christus, Koningskinders."

Calvyn (Inst. 3.20.2) het gesê gebed is 'n omgaan van mense met God waardeur hulle die hemelse heiligdomme ingaan. So maak hulle in sy teenwoordigheid aanspraak op sy beloftes. Augustinus het gesê die gebed is die asemhaling van die siel. As 'n mens ophou asemhaal, gaan jy dood.

Die spreekwoord wat sê "nood leer bid" geld dus nie van ware gebed nie. Ware gebed is deel van jou hele lewe, soos jou asemhaling. En Ursinus, met verwysing na Psalm 141:2, sê dit aangrypend: "Die gebed is die mooiste godsdiens wat God van ons vorder, die mooiste en lieflikste dankoffer, die aangenaamste reuk en die edelste wierook voor die aangesig van God."

Dit is ook Calvyn wat treffend verklaar het dat die skatte wat deur die evangelie van die Here aangewys is, deur die gebed uitgegrawe word.

### Waarom moet ons bid?

In die eerste plek bely ons dat die gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe is (HK Sondag 45). Dit is die priesterlike hart van ons godsdiens. Daar is in ons geloofslewe niks belangriker as die gebed nie. Ons kan alles nalaat, maar die gebed mag ons nooit nalaat nie.

In die tweede plek gee die Here sy genade en sy Heilige Gees alleen aan hulle wat Hom sonder ophou daarom smeek en dank (ibid). Dit beteken nie dat die Here dit nie sonder ons kan gee nie, maar dat Hy dit nie anders wil doen nie. Hy het nie ons gebede nodig nie, maar ons het dit so nodig. Die almagtige God het in sy alwysheid in die volvoering van sy Raadsplan ook ’n plek gegee vir ons gebede.

### Hoe moet ons bid?

Ons kan ook verkeerd bid. Die Fariseër en die tollenaar het albei gebid, maar slegs die tollenaar se gebed is verhoor (Luk. 28:9-14).

Ons moet in die eerste plek na die regte adres gaan. Dit beteken dat ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte moet aanroep (HK Sondag 45). Die gebed en die Woord gaan altyd saam. Sonder die Woord bly God vir ons onbekend en kan ons nie werklik bid nie.

In die tweede plek moet ons onsself ken in ons nood en ellende. Gebed beteken om met leë hande voor God te staan. Gebed is belydenis van skuld en ellende.

En in die derde plek moet ons bid in die Naam van ons enigste Middelaar, Jesus Christus. Die soenverdienste van Christus is die enigste grond vir ons gebed. Daarom is die gebed nooit ’n sprong in die duister nie.

### Waarvoor moet ons bid?

Ons mag en moet vir alles bid. Daar is net een kwalifikasie: vir alles wat ons nodig het. Dit beteken alle geestelike en liggaamlike behoeftes. Om te bid, is kinderwerk. Christus spoor ons aan (Matt. 6:9; Luk. 12:2) om in al ons nood tot ons Vader te gaan. Ons moet kom soos kinders wat gewoond is om by hulle ouers beskerming te soek so dikwels as hulle bevangs is (Calvyn).

### Jesus Christus en die gebed

Jesus het ons Self geleer om te bid in die modelgebed, die Onse Vader. Maar Hy bid ook Self ook vir ons (Rom. 8:34; Luk. 22:39-46). Dit is vir ons die ontsaglike troos dat Hy wat ons ken en liefhet en volmaak weet wat ons nodig het en wat vir ons die beste is, met sy volbragte versoeningswerk vir ons intree by die Vader.

### Die Heilige Gees en die gebed

Dit is alleen deur die Heilige Gees dat ons kan bid. Hy laat ons roep “Abba” (Vader), want Hy werk die geloof in ons harte (Rom. 8:15). En soos Christus, bid ook die Heilige Gees vir ons (Rom. 8:26). Hy is ons Pleitbesorger (Advokaat) by God.

### Die gebed en die geloof

Die Bybel lê ’n onlosmaaklike band tussen die gebed en die geloof. Ons sien dit veral baie duidelik in die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter (Luk. 18:1-8), waar Christus uiteindelik die vraag vra: “As die Seun van die mens op die aarde kom, sal Hy wel die geloof vind?” Ons moet in die geloof bid.

### Gebed in die pandemietyd

Wat ’n oneindige genade dat ons hemelse Vader altyd, maar ook nou in hierdie pandemietyd, die gawe van die gebed gee. Ons mag maar net ons oë sluit en in kinderlike geloof intree by ons Vader.

Die ware gebed bring rus en berusting en gee nuwe krag. Ons en ons dierbares se lewens, die lewe van ons kerke (liewer: SY kerk), ja die hele wêreld is in sy hand. CFCC

Prof. H Goede (Hennie) (TSP)

# Doen wat jou hand vind om te doen



***Ag, as ek maar geweet het wat môre inhou!***

***Ons almal het al gevra: Wat hou môre en oormôre en volgende week en volgende jaar vir my in? Hoeveel beter sou dit nie gewees het as ek geweet het wat vir my in die lewe voorlê nie?***

***In Prediker 9:1-12 oordink die prediker hierdie saak en besef hy dat die lewe inderdaad onseker en onvoorspelbaar is. Die onsekerheid van die toekoms maak dat mens soms lusteloos lewe, sonder sin en doel, in vrees vir die toekoms. In 'n tyd van 'n pandemie en politieke en ekonomiese onsekerheid en die effek daarvan op ons menswees, soek ons by God na troos en versekering te midde van die onvoorspelbaarheid van die lewe.***

## Die lewe is onvoorspelbaar

Elkeen van ons kan getuig dat die lewe inderdaad onvoorspelbaar is. Wat ook al vandag gebeur – daar is geen waarborg dat môre dieselfde sal wees nie! Die natuur openbaar ook hierdie onvoorspelbaarheid: die gras van die veld wat vandag hier is, maar môre in die vuur gegooi word (Luk. 12:28).

En dit geld ook van die mens (Ps. 90:5-6; Jak. 4:14). Soos vers 1 sê: "Niemand weet of daar vir hom liefde of haat wag nie." Al wat ons weet, is dat daar vir ons voorspoed of teenspoed wag, maar watter een dit is, sal ons eers môre weet. So beskou, is ons glad nie anders as die ongelowiges nie, want dieselfde lot van onsekerheid tref hulle ook.

## Wat is dan wel seker in die lewe?

Die Prediker sê daar is twee dinge wat wel vasstaan. Eerstens: die dood (vs 3). Daaraan kan geen mens ontkom nie – die dooies is vergete en hulle liefde en haat is verby (vs 5-6). Dié wat dink die lewe gee hoop (vs 4), flous hulleself, want watter hoop kan daar wees as die lewe net op die dood uitloop? Daarom moet mens eerder nou voluit lewe (vs 7-9) as teenvoeter vir die lewe met sy onvoorspelbaarheid en sy onafwendbare afstap op die dood!

Tweedens word alles in die mens se lewe deur tyd en geleentheid bepaal (vs 11). "Geleentheid" sou eerder met "toevalligheid" vertaal kon word, of dan 'n gebeurtenis wat menslikerwys na 'n toevalligheid lyk. Iets gebeur met jou wat jy nie logies kan verklaar nie; die enigste verklaring, met jou beperkte insig, is dat dit 'n toevalligheid moet wees. Die goeie dinge word aan geluk toegeskryf en die slegte dinge aan noodlot of ongeluk. Ons sien die Prediker se voorbeelde hiervan in ons eie lewens.

### God regeer en bepaal tyd en geleentheid

Maar as ons lewe bloot op die dood uitloop, en alles deur tyd en toevalligheid bepaal word, hoekom sal ons ons inspan om iets te doen, wat nog te sê God se wil te doen, as dit geen verskil maak nie?

Kom ons keer terug na vers 1: God regeer oor hulle wat reg doen en wysheid het, en oor wat hulle doen. Die Prediker se nadenke oor die lewe staan nooit los van God nie, want wysheid is om God te dien (12:13). Terwyl ons die lewe as onvoorspelbaar en toevallig beleef, gee God lewe aan alle mense en regeer Hy oor hulle, en neem Hy dit weg.

Die tyd en toevalligheid, of dan inderdaad eerder geleentheid, van ons lewe behoort aan Hom – Hy bepaal dit en nie geluk of ongeluk nie. Die tyd en geleentheid van ons lewe is in God se hand (Pred. 3). Hy bepaal die tyd en geleentheid wanneer sy Seun mens word en lyding verduur en aan die kruis sterf en opstaan sodat ons deel van sy tyd en geleentheid kan wees. Hy bepaal ons geboortedag en sterfdag, maar ook ons verlossing sodat ons in sy tyd en geleentheid kan lewe.

Ons heerlike troos en versekering is dat God te midde van die onvoorspelbaarheid van die lewe steeds ons lewens in sy hand vashou.

### Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen

Daarom die Prediker se oproep tot ons in vers 10: “Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen.”

“Met toewyding” beteken om iets met al jou mag te doen, met alles wat jy het, met jou hele menswees. Terwyl ons nie weet wat môre inhou nie, moet ons vandag met alles vir God lewe, aangesien ons lewe vandag en môre in sy hand is en ons in ieder geval in Christus die ewige lewe het!




Ons is deur die bloed van Christus reeds aan God toegewy en moet daarom ook so lewe.

Dit hou onder andere in dat ons nie lewe asof ons aan toevalligheid oorgelewer is nie, maar elke dag sonder bekommernis voluit in gehoorsaamheid aan en vir God lewe. Dit moet immers die belangrikste oefening van ons lewe wees (1 Tim. 4:7-8). Hoe meer ons ons in toewyding oefen, hoe meer leef ons nou reeds die ewige lewe wat deur die Gees aan ons beseël word.

Daarom: Laat maar die toekoms in God se hand – dit is waar dit hoort. En doen wat Paulus aan die Romeine skryf: “Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here” (12:11). DK

Ds. C Aucamp (Cassie) (emeritus)

# Die PEPUDA-wetswysigings en godsdiensvryheid

Die beoogde wysiging van die sogenaamde PEPUDA-wet het grondige besware, veral vanuit godsdienstige kringe, ontlok. Ernstige beswaar teen die voorgestelde wetswysiging is gemaak deur die organisasie *Freedom Of Religion South Africa* (FORSA), terwyl onder andere die FW de Klerkstigting ook gewaarsku het dat godsdiensvryheid daardeur in gedrang kan kom.

Hoe moet ons hierdie voorstelle beskou? Is godsdiensvryheid in gedrang?

## Wat is PEPUDA?

Die akroniem staan vir die *"Protection of Equality and the Prohibition of Unfair Discrimination Act",* Wet 4 van 2000. Hierdie Wet het sy oorsprong in Artikel 9 van die Grondwet wat oor *"Gelykheid"* handel. Artikel 9.3 van die Grondwet bepaal dat *"Nasionale wetgewing verorden moet word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet"*. Die PEPUDA-wet, ook genoem die *Gelykheidswet*, Wet 4 van 2000, is opgestel om aan hierdie vereiste van die Grondwet te voldoen.

Die konsep wat tans voor die Minister van Justisie dien, waarop nou kommentaar gelewer word, is die begin van 'n proses om hierdie *Gelykheidswet* te wysig.

## "Gelykheid" en "onbillike diskriminasie" en die nuwe voorstelle

*"Gelykheid"* word deur sub-artikel 9.2 van die Grondwet beskryf as: *"Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in."* Die kernbeswaar teen die huidige wysigingsvoorstelle is dat *"gelykheid"* in wese *"gelyke uitkomste"* en nie net gelyke regte en vryhede beteken nie. Oor *"Diskriminasie"* bepaal Artikel 9.4 van die Grondwet dat niemand op grond van een van 17 "verbode gronde", (waaronder ras, geslag, etniese of sosiale herkoms, gestremdheid, godsdiens, gewete, kultuur ...) *"onbillik teen iemand mag diskrimineer nie"*.

Die kernbeswaar hier is dat in die nuwe voorstelle die definisie en omvang van *diskriminasie* versterk en uitgebrei word, in so 'n mate dat die vereiste dat diskriminasie onbillik moet wees voor dit verbode is, totaal en al verswak word.

## En godsdiensvryheid?

Die wysigingsvoorstelle maak natuurlik nie melding van godsdiensvryheid nie, want dit word mos deur die Grondwet gewaarborg. Die gevaar vir die vryheid van godsdiens is nie geleë in 'n owerheid wat soos sekere Oosbloklande gelowiges gaan vervolg nie. Dit is geleë in wetgewing wat 'n valse gelykheid op die samelewing wil afdwing en die normale, billike onderskeid of differensiasie in 'n diverse samelewing feitlik geheel en al ignoreer. Dit skep die teelaarde vir geloofsvyandige organisasies soos die *Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie*, met die kwetsende akroniem OGOD, om soos gepoog met hofsake in die verlede, godsdiens uit ons skole en die openbare terrein te laat verbied en die kerk se bedieningsveld drasties tot 'n private, geïsoleerde oefening in te perk.

## En vryheid van belydenis en uitdrukking van geloof?

Mens sou kon argumenteer dat die huidige Wet

op die *Voorkoming en Bestryding van Haatmisdaad en Haatspraak* (2018), wat op sigself reeds deur die meeste kerke veroordeel is, vryheid van geloofsuitdrukking waarborg. Dit het 'n vrywaringsklousule wat bepaal dat bona fide geloofsuitsprake, lering, verkondiging en belydenis nie haatspraak is nie, solank dit nie haat propageer nie.

Dit word egter duidelik reeds in die huidige PEPUDA-wet gestel dat die Wet prioriteit geniet by enige moontlike botsing met ander wetgewing. Die PEPUDA-wet waarin hierdie vrywaring ontbreek, kan maklik misbruik word om die haatspraak-vrywaring effektief te elimineer.

Die feit dat opset en intensie om te diskrimineer volgens die voorgestelde wysigings nie meer vir "skuldig aan diskriminasie" vereis word nie, maar selfs net onbedoelde gevolge, ontmagtig kerke in hulle roeping om die waarheid van die evangelie as tweesnydende swaard volgens hulle geloofsoortuiging te verkondig. Godsdiens is per definisie "billik-diskriminerend", omdat dit onderskeid maak tussen waarheid en leuen.

Die totale onderspeling en relatiewe verskraling van "billike" diskriminasie en die feitlike ignorering van die "U" in PEPUDA (*"unfair"*) in die nuwe wysigingsvoorstelle, sal die kerk aan moontike siviele vervolging blootstel, boonop gefinansier deur die staat!

## Die rol van die staat

Hierdie beoogde wetswysigings getuig weereens van die huidige regering se obsessie om die marionetmeester van die totale samelewing te wees. Die verweer teen die waarskuwings teen staatsoorheersing tydens die opstel van die oorspronklike wet in 2000 (ek was as LP lid van daardie komitee), was deurgaans dat hierdie Wet en die Gelykheidshowe op die siviele terrein opereer (persoon teen persoon), en nie die kriminele terrein (staat teen persoon) nie.

Nou bepaal die voorgestelde wysigings egter dat regshulp deur die regering eensydig verleen word deur die Regshulpraad aan die party wat 'n aksie van beweerde diskriminasie wil instel. Dit is ironies dat sulke skreiende ongelykheid gepleeg moet word juis kragtens die Wet wat gelykheid moet bevorder.

Hierdie staatsfinansiering van die eiser, tesame met die feit dat die bewyslas by die verweerder lê (skuldig tot jou onskuld bewys word!), maak kerke de facto weerloos teen enige klag van diskriminasie of beweerde haatspraak.

Dit is ook veelseggend dat kritiek wat deur die publiek en opposisie in 2000 in voorleggings suksesvol was, nou met die beoogde wetswysiging weer by die venster uitgegooi word. Dit word vererger deurdat Artikel 28 van die nuwe wysigings bepaal dat die betrokke minister regulasies oor die bevordering van gelykheid moet uitvaardig en 'n gedagskode sal opstel wat op burgerlike organisasies (wat kerke insluit!) afgedwing moet word.

Dit tas die onafhanklikheid van kerke in sy wese aan, en kan die uitlewing van geloofsoortuigings ernstig belemmer. Sodra die owerheid wette uitvaardig, nie om verkeerde gedrag te verhoed en te straf nie, maar om sekere morele verpligtinge volgens sy maatstawwe op onderdane te lê, sien ons die gevaartekens van 'n totalitaristiese staat. Die voorgestelde verpligting op organisasies om op voorgeskrewe wyse gelykheid van uitkomste te bewerk en bepaalde gedrag positief af te dwing, val duidelik in hierdie kategorie.

## Hoe ver van wetgewing af?

Daar is een belangrike ligpunt: die beoogde wetswysiging is nog in sy kinderskoene. Voorleggings, ook dié van die GKSA, moes gerig word tot die Minister van Justisie, waarna 'n gewysigde ontwerp aan die parlement voorgelê sal word.

Is die voorleggings, ook die suksesvolle openbare aksie deur FORSA, dan prematuur? Nee, inteendeel: dit is juis nou die beste tyd vir kommentaar. Indien beoogde wetgewing eers by die parlement is, word begronde kritiek dikwels in die wind geslaan om te verhoed dat die opposisie politieke punte daarmee kan aanteken. Ons vertrou dat daar met minder vooroordeel op die huidige vlaag van kritiek en waarskuwing ag geslaan sal word, en dat hierdie aanslag teen die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing afgeweer sal kan word. DK


GEREFORMEEDE KERK CACHET
1971 – 1975
50
JAAR GEDENKBLAD
"JULLE SEUNS EN JULLE DOGTERS SAL PROFETEER"
HANDELINGE 2:17
Bestel teen R100.00
079 494 7360 of admin@gkcachet.org.za


AANGEBIED DEUR
BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
STAP/DRAF/ FIETSRY
VIR
HOOP
21&22 AUGUSTUS
EIE TYD
ENIGE PLEK
BORGE
OCEANS
BOUTIQUE GUEST HOUSE I LUXURIOUS APARTMENTS
LAFFIES
MIDSTREAM Cycles
MODERN athlete
ksm

# POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrond is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)




**Die Allernoodsaaklikste Derde Party in die huwelik en gesin**
**Buys, F (Flip) en du Plessis, AL (Amanda)**

As huweliksberaders het die outeurs dikwels gedeel in die hartseer en trane wanneer daar probleme in 'n huwelik en gesin kom. Hierdie boek wil beklemtoon dat daar 'n Derde Party is wat juis die enigste waarborg bied vir 'n huwelik en gesin wat as huweliksberaders het die outeurs dikwels gedeel in die hartseer en trane wanneer daar probleme in 'n huwelik en gesin kom. Hierdie boek wil beklemtoon dat daar 'n Derde Party is wat juis die enigste waarborg bied vir 'n huwelik en gesin wat gaan hou en waarlik die diepste geluk sal bring. Die doel van hierdie boek is om voornemende, sowel as ouer egpare te stimuleer tot gesprekke aan die hand van die Bybel oor die huwelik en huisgesin.

**PRYS: R80 (posgeld en verpakking uitgesluit)**

**Hoe om met sterwendes om te gaan – Van Niekerk, R (Rassie)**

In die pastorale bediening en berading is daar lankal al 'n behoefte aan 'n praktiese boek, wat tog goed gefundeer is, oor hoe om sterwendes te versorg. In daardie behoefte voorsien Dr. Rassie van Niekerk met dit wat u in die hande hou: *Hoe om met sterwendes om te gaan. Praktiese riglyne vir tuisversorging.* As pastorale berader maar ook dosent in Praktiese Teologie wil ek graag vertel watter voordele hierdie boek inhou. Daar word baie deeglik Skriftuurlik gekyk na die saak van dood en aspekte daaromheen. Dan is daar ook iets wat baie mense nodig het: hoe hanteer mens alles met 'n sterwende persoon naby aan jou? Besondere praktiese raad word gegee wat elke persoon moet weet wat in daardie posisie kom. In Afrikaans bestaan daar nie so 'n omvattende boek nie en kan dit baie help vir mense wat op enige manier met sterwendes te doen het: verpleegpersoneel, familielede, mede-kerklidmate en vriende. – Prof. George A Lotter




**PRYS: R90 (posgeld en verpakking uitgesluit)**

**BESOEK GERUS ONS WEBBLAD**
**www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad**
**Potchefstroom Teologiese Publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO**
**Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)

# Prof. CJH Venter (Cassie)



## 26 Februarie 1940 – 15 Junie 2021

Cassie Venter is op Postmasburg in die Noord-Kaap gebore en het sy skoolloopbaan in Odendaalsrus voltooi. Op die PU vir CHO ontwikkel hy sy gawes as uitstekende student en sterk leier. Hy behaal nie net sy Hons-BA met onderskeiding in Grieks en sy ThB (met onderskeiding) nie, maar dien op onder andere die Studenteraad.

As teologiese student het Cassie drie maande elke jaar ondergronds in ’n goudmyn gewerk om sy studie te finansier.

**Bedieningsjare**

Cassie het vir veertig jaar die Here met oorgawe gedien, vir twintig jaar in gemeentes en twintig jaar as professor aan die Teologiese Skool.

Hy ontmoet ook die liefde van sy lewe, Mariana, op die Puk en ná die voltooiing van sy studie het die Venters in uiteenlopende en geografies verspreide gemeentes gewerk, nogeens ’n bewys van die gebalanseerde vorming van hierdie dominee.

Hy bedien agtereenvolgens Laeveld (Tzaneen, 1965-1968), Koster (1968-1972), Meyerspark-Pretoria (1972-1981) en Stellenbosch (1981-1985). Sy bedieningstyd in Stellenbosch was eiesoortig – ’n klein gemeentetjie – aanvanklik ver verspreid: Stellenbosch, Strand, Hermanus, Caledon, Grabouw, Gansbaai, Bredasdorp. Hy kon egter weer, ná sy emeritaat, in Bredasdorp en omgewing, in die gemeente Agulhas, met groot vrug as hulpdienspredikant werk.

Ná sy emeritaat het hy ook nog ongeveer 167 bejaardes van GK Bellville-Oos deur tuisbesoeke pastoraal versorg. Cassie en Mariana het kontak bly hou met baie lidmate van hulle vorige gemeentes, want een van Cassie se sterk eienskappe is die bou en instandhouding van sterk verhoudinge.

**Besondere jaar**

2015 was vir Cassie en Mariana ’n baie besondere jaar. Cassie het op 8 Februarie sy 50ste jaar in die bediening en op 26 Februarie sy 75ste verjaarsdag gevier. Hy en Mariana was ook op 2 April 2015 vir 50 geseënde jare getroud. Cassie en Mariana is geseën met twee kinders: Hanli en Cassie jr. Hanli het met haar sprankelende geaardheid hulle lewens verryk, tot elkeen se laaste dae op aarde. Sy het pa Cassie met onbeskryflike liefde versorg ná Mariana se dood.

Cassie jr. se skielike sterwe in ’n motorongeluk het die gesin diep geraak. Hulle het ruimte vir die ervaring van die pyn gelaat en tegelyk opnuut ervaar hoe die

Here deur die pyn heen troos en geloofsverdieping gebring het.

Die Here het in Gerrit (van Hanli) en Lisa-Mari (kleindogter) die gesin laat blom. Om oupa van Lisa-Mari te kon word, was vir Cassie ’n genadige geskenk van die Here en ’n vreugdevolle ervaring wat ’n glimlag permanent om sy mond gebring het.

**Cassie as teoloog**

Ná 20 jaar in die bediening doseer “Prof. Cassie” vir meer as 20 jaar in die Fakulteit Teologie die vakke Homiletiek (preekmaakkunde), Pastorale Sorg en Kategetiek.

Sy kundigheid in dié vakke kom ook na vore deur sy leiding aan talle nagraadse studente in hierdie vakke. Sy eie nagraadse studie, wat aan hom ’n meesters- en twee doktorsgrade besorg het, het gegaan oor:

- “Die pastorale dimensie in die begeleiding van sterwendes” (Praktiese Teologie);
- “Die bediening van die versoening aan die bejaarde. ’n Pastorale studie in die lig van die Pastorale Briewe” (Praktiese Teologie) en
- “Die Pauliniese paranese in Romeine 12:1-15:13 – ’n eksegetiese studie” (Nuwe Testament).

Prof. Cassie se teologie word gekenmerk deur sy Skrifgebonde uitgangspunte waarin hy hom volledig aan die gesag van die Skrif onderwerp. Dit kombineer hy deur die Woord in die werklikheid te laat grondvat, soos hy dit telkens uitdruk: “Praktiese Teologie moet hande en voete kry in die gemeente.”

Hy dien op verskeie binne- en buitelandse wetenskaplike liggame en verryk sy vakgebied met insiggewende artikels en boeke.

Van sy belangrike uitsprake oor prediking was: “Die preekmaakproses moet in sy geheel deurdronge wees van gebed om die leiding en verligting van die Heilige Gees, die Outeur van die Bybel.”

Oor die opbou van die gemeente: “Die gawes tot toerusting van lidmate is gegrond op God se ontferminge; dade van liefde deur gelowiges aan gelowiges is van die hoogste vrugte van gemeentebou; ’n toets vir gemeentebou is of lidmate bereid is om liefde aan vyande te betoon; gemeentebou word gekenmerk deur lidmate wat in mekaar se skoene inklim in vreugde en in droefheid.”

By uitnemendheid was Cassie ’n geloofsvriend vir baie uit verskillende gebiede van die samelewing. Hy kon dit wees, omdat hy kind van die Here gebly het, nederig was en een wat uit genade geleef het. Hy het met ’n passie vir sy gesin en familiekring geleef, en die wyse waarop hy en Mariana met liefde met mekaar saamgeleef het, bly ’n inspirasie vir ander egpare. As ’n positiewe mens vol geloof, hoop en liefde het hy steeds met ywer in die Koninkryk van God gewerk.

Nou het my mentor, Cassie, tuisgekom by die plek wat vir hom voorberei is. Hy laat kosbare herinneringe na. Die pastor wat jou in die gang voor sy kantoor in die Teologiese Skool teëgekom het en dan opreg gesê, amper beveel het: “Kyk in my oë dat ek kan sien hoe dit met jou gaan.” Die lewensblye vriend wat met sy skerp humorsin enige situasie ingekleur het. Die man wat so sag met sy lewensmaat gewees het, wat haar geïnspireer, ondersteun het en so haar gawes al verder laat ontwikkel het. Die gesinsman wat oneindig lief was vir sy kinders en blinkoog van sy kleindogter vertel het.

Cassie het die liefde wat die Here vir hom ryklik gegee het, deurgegee aan elkeen wat die Here op sy pad gebring het. Dit is asof die troos en bemoediging wat hy na ons uitgestraal het, ons nou weer troos in die hartseer wat ons het oor sy heengaan.

Mariana het 21 jaar voor Cassie se begrafnis hierdie gedagtes oor ons verhuising uit die tentwoning (2 Kor. 5) geskryf (dieselfde gedeelte waaruit die troosdiens gehou is):

“Die Bybel benadruk onteenseglik die idee van verbygaan, van tydelikheid. Die lyne van die heilsgeskiedenis kommunikeer aan ons dat ons aardse bestaan, ons idee van huis, afgestem is op verhuis, daardie finale tree om ’n oorgang te maak. God Self berei ons voor vir hierdie oorgang! Sy Gees is die waarborg, die wegbereider. Hy Self berei ons voor, help ons om oor die grens te tree, te verhuis na die Huis wat permanent en ewig is”. DK

**Arina Jooste (Uitvoerende Beampte, Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)**



# Die GKSA 'n waardige vennoot

Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) en die GKSA is al meer as 74 jaar lank vennote. Die GKSA is een van die stigterslede van TOIBO, saam met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die opdrag was: *Open skole vir kinders met gestremdhede en verseker dat hierdie kinders die beste opleiding ontvang*. Vandag kan TOIBO met trots sê dat hierdie opdrag van die kerke tot die letter uitgevoer is en steeds word.

Die volgende skole word ondersteun:

- Transoranje-skool vir Dowes
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid
- Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese, Serebraal- en Leergestremdhede

Elke jaar word in geloof aangepak. As ’n nie-winsgewende organisasie moet TOIBO genoeg fondse genereer om haar verpligtinge teenoor die minderbevoorregte kind met ’n ge-



stremdheid na te kom. Die moeilike ekonomiese omstandighede in die land asook die Covid-19-pandemie maak dit egter baie moeilik. Ten spyte daarvan word alle verpligtinge teenoor die skole nagekom.

’n Uittreksel uit dr Jaco Deacon, adjunkhoof van Fedsas, se artikel in *Rapport Weekliks* van 17 Januarie 2021:

*CJ Langenhoven het gesê: “As die kortpad die beste pad was, sou die hoofpad daar geloop het”. Daar is nie kortpaaie in onderwys nie en waar dit gevat word, boet die kinders gewoonlik. Die impak van die Covid-19-pandemie het verlede jaar die beste en die slegste in die skoolsektor ontbloot. Die realiteit is dat min skole die volle 2020-kurrikulum suksesvol voltooi het. Die skole wat dit wel kon doen, het die volgende gemeen gehad:*

- *Sterk leierskap;*
- *deurlopende kommunikasie; en*
- *professionele, selfstandige (en baie kreatiewe) opvoeders.*

*Suksesvolle skole het reeds in 2020 die beste pad gevind – en dit was nié die kortpad nie.*

Dit is met trots dat TOIBO kan rapporteer dat die vyf Instituutskole voldoen het en steeds voldoen aan Covid-19-regulasies en dat die opvoeders innoverend dink en meer kreatief raak om te verseker dat die leerders nie agter raak met hulle werk nie. Dit is nie maklik nie, maar onthou altyd: *Tough times never last, but tough people do.*

Die matrikulante het gewys dat die pandemie hulle nie kon onderkry nie. Hierdie is enkele van die mooi uitslae van 2020:

- Danie Emmenis van Transoranje-skool vir Dowes het sy eksamen in Gebaretaal afgelê en is deur die Departement van Basiese Onderwys aangewys as die nasionale toppresteerder. Dit was ook die eerste keer dat die skool se leerders hulle eindeksamen in Gebaretaal afgelê het.
- Hoërskool Martie du Plessis in Bloemfontein spog met ’n 100%-slaagsyfer, en 11 onderskeidings is behaal. Van die 41 matrikulante, slaag 19 met universiteitstoelating, 17 met diplomatoelating, drie met ’n Senior Sertifikaat en twee met ’n geëndosseerde sertifikaat (vyf vakke). Drie toppresteerders ontvang elkeen ’n beurs vir verdere studie aan die Universiteit van die Vrystaat.
- Prinshofskool lewer die toppresteerder van skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes in Gauteng, naamlik Omphile Makhanya, ’n blinde leerder.

As ons terugkyk op die 2020-boekjaar, kan dit ten spyte van baie struikelblokke as suksesvol beskryf word – nie net op finansiële gebied nie, maar ook wat betref behoeftegedrewe projekte, administrasie, ’n verslag met ’n skoon oudit, skakeling en kommunikasie. ’n Jaar waarin TOIBO hóóp kon gee aan ’n groep kwesbare kinders wat andersins uitgelewer sou wees. Ons ís immers draers van hoop.

Jaarliks vergader die deputate van die GKSA betrokke by TOIBO onder die bekwame leiding van dr. PH (Pieter) Heystek, ’n bestuurslid van TOIBO. Tydens dié geleentheid bevestig die deputate weer hulle onvoorwaardelike betrokkenheid by hierdie belangrike saak.

Jare lank reeds is die GKSA, hetsy deur middel van ramings of bydraes deur gemeentes, die grootste bydraer tot die fondse van TOIBO. Daardeur verseker u elke kind in ons skole se toekoms. Baie dankie daarvoor.

Van die 1 856 kinders in die vyf skole, ontvang 664 hulp in die een of ander vorm. TOIBO bestuur ’n hoofprojek, naamlik Projek Sonskyn, en enkele kleiner projekte, wat saam ’n reuseverskil maak. Die kinders ontvang hulp met skoolgeld, koshuisfooie, vervoerkoste, klerasie, toiletware, skryfbehoeftes, voedsel en op vele ander gebiede.

Hoe hou ons dit vol? Deur nooit op te hou bid nie vir elke onderwyser, elke ouer en elke kind. Deur TOIBO saam met die ander vennote, organisasies en die gemeenskap te ondersteun om genoeg fondse te genereer en hulp te verleen waar nodig. Belangrik – ondersteun Sondag




5 September 2021 (Nasionale Biddag vir Dowes) se vrywillige deurkollekte vir TOIBO.

TOIBO is geregisteer as ’n Openbare Weldaadsorganisasie, PBO 130001311. Indien u graag ’n donasie wil maak om hierdie belangrike saak te ondersteun, stuur ’n e-pos na toibo@imaginet.co.za. Alle donasies aan TOIBO is belastingaftrekbaar deur middel van ’n Artikel 18A-kwitansie wat aan u uitgereik sal word.

TOIBO is verbind tot die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), Wet 4 van 2013, om te verseker dat u persoonlike inligting vertroulik hanteer word en om dit op die databasis te stoor sodat net die uitvoerende beampte, deur middel van ’n wagwoord, toegang daartoe het.

Mag ons die res van 2021 saam ingaan met ds. Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, se woorde in gedagte:

*Die kerk se verantwoordelikheid teenoor hierdie kinders is baie groot. Ons is immers dissipels van die Een wat gesê het “vir sover julle dit aan een van die geringste nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie”.* DK

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)

# Pta-Montanapoort "mondigwording" (1999 – 2020)



Vir 21 jaar (en al 'n bietjie meer) koester die Koning van die kerk, Jesus Christus, die Geref. Kerk Pretoria-Montanapoort. Handevol genade – meer as wat opgebruik kan word. Die vreugde van onderlinge begrip en sorgsaamheid. Handevat én hande vashou en saam nederig-dankbaar iets van Matteus 5:16 in die wêreld sigbaar te maak. Saam die lewe in, opgewonde en dankbaar vorentoe.

*Gehoorsaam ...*
"Laat julle lig so voor die mense skyn,
dat hulle julle goeie werke kan sien
en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Gedurende die natyd van 2019, onbewus van wat in 2020 en daarna wêreldwyd sou gebeur, is feesplanne gemaak. Mondigwording en gemeenteroeping ... Fees en feesvreugde. Opgewonde maar ineens bewus van vele tekortkominge, die feesnaweek se agenda geskryf.

Baie detail en almal sal betrokke wees. Feesmaal en feeserediens ... Musiek, lofstem met die woordewaarheid van die kerklied as gemeentelied. Die Johannes 6:35-broodwoorde as feesteks. Altyd genoeg brood ... die brood wat versadig. Lewensbrood vir tyd en anderkant die tyd. En met die feestema. "Groot geword met die genadebrood van die Woord" uitgesien na DV die 2020 feesjaar.

Die Here het dit anders beskik. Die groot "C"-pandemie. Alles het ineens verander en baie dinge gebeur nie meer soos "in die goeie ou dae" nie. Montanapoort se mondigwording word ook gegrendel. Ingeperk én beperk tot huis en huisaltaar. Een en twintig jaar in gedagte, tevrede met die brood ons aangegee, te bely:
"U was vir ons altyd 'n toevlug, Here,
deur die geslagte ongetelde kere.
U is van ewig af, van lank tevore,
toe was die berge nog nie eers gebore.
Steeds was U daar, by wie ons
skuil kan gaan ... (Ps. 90-2:1)

Om fees te vier met as feessaal elke Montanapoorter se binneste van gemoed en binnekamer.

Uitgawes is spontaan tot op die spreekwoordelike been gesny, maar die feesvreugde word en is deur niks gekeer nie. Triomferende gemeente verseker nie! Strydend vir die waarheid en begrip vir mekaar en die eer van die Here aan mekaar. Vele menslike foute maar die oorweldigende waarheid van Matteus 16:18 daagliks te mag beleef. Inderdaad, heilig, heilig, is die almagtige God.

En op 9 Mei 2021, vlak voor 30 Mei wanneer die gemeente 22 jaar op aarde sou bestaan, 'n gedenknaald te kon onthul. 'n Allermooi vergestalting van die kruisverdienste van die Here, Jesus Christus wat lewensbrood skenk aan nietige mense. DK

**Simboliek van die gedenknaald (foto links bo)**
Ontwerp deur: Tinus Janse van Rensburg
Vervaardig en geskenk deur: Benla Enterprises (maatskappy van Ben en Laetitia van Vreden)

- Die gemeente se dankbaarheid teenoor ons Skepper verteenwoordig in:
- Die "arms" wat die kruisdood van Jesus Christus versinnebeeld.
- Die krag van die opstanding.
- Die verlossing vir elkeen wat glo.
- Die gemeente as lede van een liggaam in ons Verlosser, Jesus Christus; 'n waarmerk van die ewige lewe – een in geloof

**DOODSBERIGTE**

**Du Plessis:** Pieter du Plessis van Centurion, gebore 23 Maart 1949, is oorlede op 21 Junie 2021. Van sy bedroefde eggenote Cesilia du Plessis, kinders en kleinkinders.



**Ds. Wouter de Vos**, emerituspredikant van GK Potgietersrus, is op 26 Junie 2021 oorlede. Ds. De Vos was die predikant van GK Bethlehem van 1960-1965, GK Bloemfontein-Wes 1966-1969 en GK Potgietersrus 1969-1992.



**Mev. Sandrina Droomer**, eggenote van ds. Nardus Droomer, emerituspredikant van GK Die Kandelaar, is op 28 Junie 2021 oorlede.



**Dr. Jerry Hope**, emerituspredikant van Die Bybels Gereformeerde Kerk, is op 28 Junie 2021 oorlede. Dr. Hope was die predikant van GK Newclare van 1972-1977, GK Eldoradopark/Reigerspark 1977-1998 en Die Bybels Gereformeerde Kerk 1998-2008.



Met leedwese word bekendgemaak die afsterwe van **Neil Prinsloo**, vroeër predikant in die GKSA, op 29 Junie 2021. Hy was die predikant van GK Christiana/Bloemhof van 2002-2003 en Outjo/Biermanskool/Otjiwarongo 2003-2014.

**INNIGE SIMPATIE AAN …**

- Ds. Pieter Kurpershoek van GK Middelburg (Mpumalanga) met die afsterwe van sy vader, ds. Wim Kurpershoek.
- Mev. Joke Aucamp, eggenote van ds. Louis Aucamp van GK Kemptonpark-Mooifontein, met die afsterwe van haar moeder.
- Mev. Marieke Malan, eggenote van ds. Danie Malan van GK Uitschot, met die afsterwe van haar grootmoeder.
- Mev. Ester de Vos met die afsterwe van haar eggenoot, ds. Wouter de Vos.
- Ds. Nardus Droomer met die afsterwe van sy eggenote, Sandrina.
- Mev. Rhoda Hope met die afsterwe van haar eggenoot, dr. Jerry Hope.
- Ds. KV Mohotsi (Kabelo) van GK Kanyamazane, met die afsterwe van sy grootmoeder.
- Ds. Dirk en Nelriet Wijnbeek, emerituspredikant van GK Steynsburg, met die afsterwe van sy moeder in die ouderdom van 108 jaar.

**IN MEMORIAM**

- **Jansen van Vuuren:** Lukas Daniël, oorlede 30 Augustus 1970; en Anna Catharina (Dolla), oorlede 16 Augustus 1963. Was woonagtig te Knapdaar, Makwassie. In liefdevolle herinnering dink ons aan hulle mooi, voorbeeldige en vrugbare lewe, wat altyd in ons gedagtes sal voortleef. Ook vir die Christelike opvoeding wat hulle ons gegee het. Ons eer hulle nagedagtenis. Van Ben, Loek en familie.
- **Jansen van Vuuren:** Willem Marthinus (Boet). Gebore 17 Augustus 1936, oorlede 2 November 2005. Was woonagtig te Alberton en voorheen Stellenbosch. Met harte vol verlange dink ons terug aan ons geliefde broer. Ons mis hom baie, maar gun hom die rus. Van Ben, Loek en familie.
- **Stoltz:** Anna Catharina (Ansie) (geb. Jansen van Vuuren). Gebore 25 Junie 1941, oorlede 31 Augustus 2010. Was woonagtig te Grootvlei, Rooiwal. Ons dank ons God en Hemelse Vader vir die geseënde en vol lewe wat sy hier op aarde kon geniet. Sy was in alle opsigte vir ons ’n voorbeeld van geloof, hoop en liefde. Ons eer haar vir die besondere mens wat die Here haar gemaak het en prys Hom daarvoor. Van Ben, Loek en familie.
- **Jansen van Vuuren:** Johanna Aletta Maria (Hannie). Gebore 27 Mei 1951, oorlede 5 November 2017. Was woonagtig te Mountainview, Pretoria. Sy het voluit gelewe hier op aarde saam met haar Skepper. In alle opsigte was sy vir ons ’n voorbeeld van omgee, liefde, dankbaarheid, vertroue en geloof in haar God Drie-enig, en veral haar berusting en aanvaarding van haar beproewings gedurende haar lewe. Ons as familie, vriende en oudkollegas mis haar baie. Van Ben, Loek en familie, Katy en gesin, Dahlene en gesin, vriende en oudkollegas.

**HARTLIK GELUK AAN …**

- **Drr. Christiaan Jooste** van GK Waterberg en **Daniël Maritz** van GK Pretoria-Brooklyn met die verwerwing van hulle doktorsgraad. Dr. Jooste het sy PhD verwerf met die proefskrif *Kinderopvoeding in die boek Deuteronomium: ’n Eksegetiese en openbaringshistoriese studie*. Die promotor was prof. PP Krüger. Dr. Maritz het sy PhD verwerf met die proefskrif *A counter-cult apologetic inquiry into “Christ in Me International”*. Die promotor was prof. HG Stoker.
- **Dr. Kobus Erasmus** van GK Volksrust/Ermelo met die verkryging van ’n MTh in Pastorale Studies. Die titel van sy verhandeling is: *Pastorale begeleiding van slagoffers van toksiese godsdiens met besondere verwysing na Post-kulte-trauma-sindroom*. Die studieleier was prof. WC Coetzer.



## Lief en Leed

**HARTLIKE GELUKWENSE AAN DIE VOLGENDE PREDIKANTE/PROFESSORE MET HULLE VERJAARDAE IN AUGUSTUS**

2 Augustus: Ds. AH Stavast (Arie) – GK Pretoria/Kroonstad
3 Augustus: Ds. D Kotzee (Dirk) – GK Pretoria-Alkantrant
5 Augustus: Ds. CA Jansen (Carel) – GK Secunda
7 Augustus: Dr. AJ Krüger (Braam) – GK Benoni
14 Augustus: Ds. AF Berg (Fenmo) – GK Pongola
17 Augustus: Ds. DJA Booyens (Danie) – GK Koster
20 Augustus: Ds. FR Pretorius (Franscois) – GK Phalaborwa
21 Augustus: Ds. MP Modise (Paul) – GK Kagiso
24 Augustus: Ds. AP Krüger (Abraham) – GK Wolmaransstad
25 Augustus: Dr. ALA Buys (Wikus) – GK Innesdal
26 Augustus: Ds. HV Venter (Henning) – GK Windhoek
31 Augustus: Ds. HL Stavast (Henk) – GK Nylstroom

**HARTLIKE GELUKWENSE AAN DIE VOLGENDE EMERITI/EMERITUSEGGENOTES/-WEDUWEES MET HULLE VERJAARDAE IN AUGUSTUS**

2 Augustus: Ds. PJ van den Berg (Paul) – GK Centurion
3 Augustus: Mev. S Kruger (Suzette), eggenote van ds. LM Kruger (Lourens) – GK Uitenhage
3 Augustus: Mev. ES Hibbert (Elsie), eggenote van ds. S Hibbert (Simon) – GK Koster
5 Augustus: Mev. M van't Zand (Melinda), eggenote van ds. D van't Zand (Dirk) – GK Witpoortjie
6 Augustus: Ds. LJ van der Merwe (Lood) (93) – GK Postmasburg
6 Augustus: Mev. CF Ligthelm (Charlotte), eggenote van ds. NW Ligthelm (Nico) – GK Pretoria-Alkantrant
7 Augustus: Prof. HF van Rooy (Herrie) – Teologiese Skool Potchefstroom
8 Augustus: Ds. DC Coetsee (Chris) (86) – GK Noordrand
8 Augustus: Ds. GNV Botha (Nico) (82) – GK Randburg
9 Augustus: Ds. CJ Nagel (Cornel) – GK Messina
11 Augustus: Mev. H Coetzer (Riekie), eggenote van ds. AL Coetzer (Dries) – GK Vereeniging-Oos
11 Augustus: Dr. MJ du Plessis (Thinus) – GK Bellville
11 Augustus: Mev. E de Kock (Elfie), eggenote van ds. SD de Kock (Vasie) – GK Potchefstroom-Suid
12 Augustus: Prof. F Denkema (Faan) (84) – Teologiese Skool Potchefstroom
13 Augustus: Mev. P Opperman (Ina), eggenote van ds. G Opperman (Gustav) – GK Matlabas
15 Augustus: Mev. ML du Plessis (Louise), eggenote van ds. JB du Plessis (Jan) – GK Grootfontein
16 Augustus: Mev. MM Serobatse (Margaret), eggenote van ds. TO Serobatse (Thobatsi) – GK Ikageng
16 Augustus: Mev. CE Schutte (Elsa), eggenote van ds. JA Schutte (Johan) – GK Sasolburg
17 Augustus: Mev. H Enslin (Hester) (81), weduwee van ds. PJJS Enslin (Pieter) – GK Centurion
17 Augustus: Mev. AM Bogaards (Marianne), eggenote van dr. AH Bogaards (Attie) – GK Pretoria-Rooiwal
18 Augustus: Mev. SJ Grobler (Susan), weduwee van ds. CS Grobler (Fanie) – GK Stellenbosch
21 Augustus: Mev. SMM Jordaan (Santie), eggenote van ds. JH Jordaan (Johan) – GK Vereeniging
22 Augustus: Mev. CC Venter (Corrie), weduwee van ds. HJ Venter (Herman) – GK Pongola
22 Augustus: Dr. RM Britz (Dolf) – GK Bloemburg
23 Augustus: Dr. DG Breed (Douw) – GK Waterkloofrand
23 Augustus: Mev. ME van der Merwe (Maria) (Vogel), weduwee van ds. GM Vogel (Gert) – GK Vereeniging
27 Augustus: Dr. H Krüger (Helena), eggenote van prof. PP Krüger (Paul) – Teologiese Skool Potchefstroom
28 Augustus: Mev. FH Venter (Nerina), eggenote van ds. JH Venter (Jan) – GK Venterstad
29 Augustus: Mev. AZJ Malan (Anna) (91), eggenote van dr. CJ Malan (Chris) – GK Noordbrug
30 Augustus: Mev. EC Klopper (Elsie), eggenote van ds. AH Klopper (Dries) – GK Kroonstad
31 Augustus: Mev. ML Morweng (Lydia), eggenote van ds. GS Morweng (Simon) – GK Knapdaar

## Kerklike administrasie

**BEROEPE**

*Beroepe ontvang*

Ds. GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad
Ds. W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Boksburg
Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) van GK Tsumeb na GK Boksburg

*Beroepe bedank*

Ds. GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad
Ds. W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Boksburg

**EMERITERING**

Klassis KwaZulu-Natal Noord maak hiermee bekend dat **ds. JG (George) van der Walt** se emeritaat volgens KO Artikel 13 goedgekeur is op 3 Julie 2021 deur 'n Classis Contracta van Klassis KwaZulu-Natal Noord en Deputate van die Streeksinode Vrystaat/ KwaZulu Natal. Die seën van die Here word ds. George van der Walt en sy gesin toegebid vir die 12 jaar wat hy as predikant in die koninkryk van die Here kon dien. *Ds. MW Kruger (Korresponderende Kerkraad)*



**VERANDERING IN KONTAKBESONDERHEDE**

**GK Parys:** dr. RM van der Merwe – e-posadres: rudolph.vdm1234@gmail.com

**KENNISGEWING AAN KERKVERBAND: ARTIKEL 12 KERKORDE**

Hiermee gee Streeksinode Vrystaat/Kwazulu-Natal, Klassis Suid-Vrystaat en die Geref. Kerk Bloempark aan die wyer kerkverband kennis dat **ds. Zak Scholtz** kragtens Artikel 12 Kerkorde – weens gewigtige redes – besluit het om oor te gaan tot 'n ander staat van lewe. 'n Classis contracta van Klassis Suid-Vrystaat en Deputate vanweë Streeksinode Vrystaat/Kwazulu-Natal (Art. 49 KO) het die aansoek van ds. Zak Scholtz saam met die kerkraad van die Geref. Kerk Bloempark ondersoek, deeglik oorweeg en goedgekeur. Ons dank die Here vir die byna ses jaar wat ds. Scholtz as predikant in die Geref. Kerk Bloempark en Klassis Suid-Vrystaat kon dien. Ons bid br. Scholtz en sy gesin die besondere genade en seën van die Here toe. *Ds. FJ Potgieter (namens Klassis Suid-Vrystaat)*

**KLASSIS- EN STREEKSINODE OPROEPE**

*KLASSIS ETOSHA:* Die kerkraad van die Geref. Kerk Keetmanshoop roep u hiermee vriendelik op vir die 57ste sitting van Klassis Etosha. Ons beplan om DV Vrydag 10 September 2021 om 14:30 te open en indien nodig, sal die vergadering voortgesit word op Saterdag 11 September. Die vergadering sal DV by die Geref. Kerk Windhoek-Suid gehou word. Elke kerkraad in die ressort van die klassis moet twee (2) deputate afvaardig. Kredensiebriewe kan vooraf aan die Roepende Kerkraad (suidnamdoppers@gmail.com of mostertj@namwater.com.na) gestuur word, of voor die vergadering by die skriba ingehandig word. Alle agendastukke (rapporte, beskrywingspunte, sustentasie-aansoeke, ens.) moet asb. voor of op 13 Augustus 2021 by die Korresponderende Kerkraad ingedien word – adres: jkruger@walvisbaycc.org.na of Posbus 776, Walvisbaai. Kontak asseblief so spoedig moontlik vir Nolene Coertzen by 061 244 376 of 081 260 4836 of gerefkerk.suid@iway.na indien u huisvesting vir u afgevaardigdes benodig.

Voorlopig sal die volgende etes voorsien word: ligte verversings by aankoms; koffie en tee; aandete Vrydagaand; 'n kospakkie Saterdagmiddag vir diegene wat ver reis.

# Nuus van Deputate Bybel, GKSA

Die Deputate Bybel van die GKSA het vroeër vanjaar vergader en bring graag die volgende onder die aandag van die kerkverband. Ons is dankbaar dat ons al vir baie dekades baie nou met die BSA kon saamwerk op verskeie vlakke en terreine. Om skakeling tussen die GKSA en die BSA te vergemaklik, is daar 'n skakeldeputaat deur die Sinode aangewys. Sedert 2003 is hierdie deputaat br. Hennie Dekker van Brakpan. Br. Hennie was in diens van die BSA, en hy het einde Januarie 2021 met pensioen afgetree. Oor die laaste aantal jare het daar baie strukturele veranderinge by die Bybelgenootskap plaasgevind, en tans het die BSA ernstige finansiële uitdagings (a.g.v. die Covid-pandemie). Ná br. Dekker se aftrede moes daar twee skakeldeputate aangewys word soos deur die Deputate aanbeveel en deur die Sinode goedgekeur. Omdat daar, soos hierbo genoem, verskeie faktore daartoe bygedra het, kon dit nie gebeur nie. Omdat br. Hennie ook so 'n voortreflike diens lewer aan die Bybelgenootskap, het die BSA hom genader om op 'n kontrakbasis aan te bly, wat jaarliks hersien word. Hierdie reëling bring 'n finansiële voordeel vir die BSA te weeg. Die Deputate Bybel het hierdie verwikkeling op sy vergadering bespreek en met groot dankbaarheid daarvan kennis geneem en sal DV by die eerskomende Algemene Sinode (DV 2023) daaroor rapporteer en aanbeveel dat dit só gekondoneer word. Gemeentes kan daarom nog met vrymoedigheid met br. Dekker skakel oor sake rondom die Bybelgenootskap. Die Deputate Bybel vra die kerkverband om asseblief ernstig aandag te gee aan versoeke vanaf die Deputaat om aandag te gee aan projekte vir die befondsing en verspreiding van Bybels. Die deputate spreek groot dank uit teenoor br. Dekker wat die afgelope jare die GKSA op 'n voortreflike wyse by die BSA verteenwoordig het. Hy was reeds gou na sy aanstelling ingetrek by die BSA se interne werkinge en het oor die jare belangrike inisiatiewe daar geneem en op innoverende wyse bygedra tot die ontwikkeling van strategieë van die BSA. Hy is inderdaad geseën met voortreflike gawes, en hy het dit (en doen steeds) met oorgawe en ywer aangewend in die Koninkryk van die Here. Br. Hennie se vrou (Hester) is 'n aantal jare gelede met ernstige kanker gediagnoseer en het al verskeie behandelings ondergaan. Saam met sy verpligtinge by die BSA is hy getrou aan haar sy, en ons versoek die kerkverband om hulle beide in hulle gebede voor die Here in gedagte te hou.

*– Dr. Braam Krüger (namens Deputate Bybel, GKSA)*

**Die Bemarkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,**
**Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.**
**E-pos: wymiedup@gksa.co.za**
**TARIEWE:**
**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.**
**Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto. BTW is ingesluit.**
**Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

## VAKANSIE EN VERBLYF

### NATALSE SUIDKUS

**UVONGO:** 12-bed vakansiehuis. Mooi see-uitsig, loopafstand van strand. Alle geriewe. 3 Badkamers, ruim balkon, 9 X 5 meter. TV, mikrogolfoond, ruim ys- en vriesgeriewe. Elrien Sel. 072 820 6948.

**UVONGO:** LA CRETE SANDS NO. 1. 6-Bed luukse en moderne vakansiewoonstel met 'n 180º see-uitsig en brandersig. Slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; toesluitmotorhuise; swembad; TV, DSTV en beddegoed ingesluit by prys. Skakel Luzelle by 011 678 5440 of sel 083 326 6329; www.uvongoholidays.co.za

**MARGATE:** MARLICHT VAKANSIEWOONSTELLE. Aangename, see-uitsig verblyf in goed toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer selfsorgwoonstelle. TV en linne ingesluit. Gesellige, gesamentlike braai-area langs swembad. Onderdakparkering. Perseel omhein met elektrifisering en afstandbeheerhekke. "AA Highly Recommended PLUS 3 Ster TGCSA" gradering. Skakel kantoorure vir verdere inligting en kleurbrosjure. Tel. 039 312 1052 of faks 039 317 1870. E-pos: admin@marlicht.co.za Webbladsy: www.marlicht.co.za

**AMANZIMTOTI – AFSAAL 602:** Ruim 2-slaapkamerwoonstel met see-uitsig. Toegerus vir 6/7 persone. Spesiale aanbiedinge buiteseisoen. Tel. 011 954 5288 of 082 335 7101.

**DOONSIDE (SHANGRI LA):** (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe.
Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465.
E-pos: lettiefour@gmail.com

### NATALSE NOORDKUS

**LICORNA BEACH, UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS:** Volledig gemeubileerde luukse vakansiewoonstelle te huur. Skakel Durban 031 561 2344 of 031 561 2986. Onmiddellik beskikbaar.

**BALLITO:** The Boulders 103: Luukse selfsorg vakansiewoonstel, 3 slaapkamers, 2 badkamers, 20m vanaf die strand, volle see uitsig, WiFi, DSTV, skottelgoedwasser, wasmasjien en tuimeldroër. Die eenheid word daagliks gediens. Geniet dolfyne, branders en die Noordkus se gesogte weer vir die winter. Kontak Retha by 083 301 7234 of retha0204@gmail.com

### WESKAAP / TUINROETE

**STRAND/BLOUBERG/GORDONSBAAI/STELLENBOSCH/BETTIESBAAI/WATERFRONT/BELLVILLE/KAAPSTAD:** Vakansieverhuring van woonstelle, huise heeljaar en Desember!
Kontak 083 313 4215 of cosybeach@absamail.co.za

**STELLENBOSCH:** KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

**GLENTANA:** Ruim selfsorgwoonstel, baie netjies en volledig toegerus, TV, ens. Slaap 4/6; 80 m vanaf see. Skakel 044 879 1381 of 082 871 5859.

**GLENTANA:** Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R650 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

**PLETTENBERGBAAI:** Strandhuis, 5 min. se stap na hoofstrand. Slaap 9. Minimum 2 nagte. Skakel 021 913 5552 of 084 503 5552.

**BELLAIR, BELLVILLE:** 2-slaapkamerhuis in baie rustige omgewing (en 'n hanetreetjie van GK Bellville-Oos), te huur vir kort- tot mediumtermyn. Slaap 5/6 persone. Ekstra geriewe: ten volle toegeruste kombuis met wasmasjien, WiFi, DSTV (premium) en privaat geslote agtertuin met oordekte stoep en braaiput. Maandelikse tariewe ook beskikbaar.
Vir meer inligting kyk op https://www.wheretostay.co.za/blackwoodcottage of skakel gerus, Ingrid 072 573 0667 of 021 910 2260 / ingridkl@iafrica.com

**OOSKAAP**

**GRAAFF-REINET:** KADASH GASTEHUIS op die plaas Damesfontein. Moeg van die gejaag? Ons bied u: rus en vrede, 'n gerieflike gastehuis, kaggelvuur-aande, plaasmuseum, fossiele, bossiepad, wandelpaaie ... Karoostilte. U is baie welkom!
Kontak Marguerite by tel/faks 049 845 0253, sel 082 4130 579. Webbladsy: www:kadash.co.za

**Naby Haga Haga/ Oos-London:** 16 Chalets beskikbaar in veilige afgeleë privaat natuurreservaat, stap see toe, strandmeer. 6-Slaper, 2-slaapkamer, badkamer en toegeruste kombuis. In Aprilvakansie is chalets R900 of R1000 per nag. Buiteseisoentariewe ook beskikbaar. Pragtige kampterrein met 63 staanplekke met groot skoon ablusieblok. Strand is absoluut veilig, ideaal vir aandvisvang.
Facebookblad: @Bosbokstrand. Skakel Lorna by 043 841 1644 of SMS 082 951 4747.

**KAROO**

**COLESBERG:** KAROO HUISE. Oornag in gerestoureerde dorpshuise, nasionale gedenkwaardighede met antieke meubels. Die gerieflike huisies is selfsorgeenhede, geleë in 'n stil straat. TV, braaigeriewe en veilige parkering. Restaurante binne loopafstand. Kontak T Vorster 051 753 0582; e-pos: hvzvorster@absamail.co.za; web: www.karoohuise.co.za

**COLESBERG:** OUDE HOSTEL. Luukse kamers met privaat badkamer en TV. Billike prys, veilige parkering, swembad. Tel. 051 753 0131.

**COLESBERG:** GUINEA-FOWL GASTEHUIS. Geleë in stil omgewing, weg van hoofstraat, veilige parkering op die erf. Alle kamers het eie buitedeur en eie badkamer. TV in gesamentlike sitkamer vir gaste. Billike tariewe. Stapafstand van eetplekke. Koffie- en teegeriewe in elke kamer. Skakel Jan en Louise Augustyn by tel/faks 051 753 0197 of 082 899 3964.

**MPUMALANGA**

**DULLSTROOM:** Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

**SABAAN VAKANSIE-OORD:** is geleë op 'n subtropiese plaas in die Sabie-riviervallei, sentraal en net 35 km vanaf die Kruger Nasionale Park en die asemrowende mooi panorama-roete (bv. God's Window, watervalle en vele meer). 22 gerieflike, toegeruste selfsorgeenhede elk met 'n privaat braai-area en parkeerplek. Slaap in totaal 135 gaste, wat ideaal is vir skoolgroepe / kerkgroepe & funksies. Spyseniering op aanvraag. Skakel gerus 071 545 0155 / 061 477 8339.

**VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN OORNAG:** Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

**BLOEMFONTEIN:** Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

**ALLERLEI**

**OPMETINGSINSTRUMENTE:** Bukswaterpasse (automatic levels), teodoliete, meetwiele, laser vir konstruksie, RTK, GPS, Total Stations.
Protea Geomatics: Tel. 011 976 2070. Sel 083 259 8931 of 083 265 7272. E-pos: sales@protsurv.co.za

**BINDWERK:** Flinke bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

**BOEKE deur prof. VE d'Assonville:**
*Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleweringsfooi van R100 word gehef vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.*
*Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060. Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).*
*E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za*

**Dit is Totius** (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

**SJ du Toit van die Paarl** (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

**Bloedrivier** (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Die Groot Diamantroof** (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

**Die Van der Merwes van Middendeel** (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

**Generaal de Wet in die Vredefortkoepel** (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

**Kruger en Rhodes** (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

**Majuba** (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

**Op die Bodem van die Vaaldam** (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevange- en konsentrasiekampe en die Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

**"O Vaalrivier… Broederstroom!"** (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

**Totius se Oorlogsdagboek** (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

**Calvyn verdedig sy stad** (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

**Die boek Openbaring** (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

**The Book of Revelation** (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

**Die koms van Christus en die Antichris** (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

**Die Psalms sing van Christus** ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

**Gereformeerde Doopsformulier** (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

**Bakens vir die Kerkgeskiedenis** (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

**Kerk op die Wit Hooglande** ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50


**Eugène Marais en die Waterberge** (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

***Ons ondersteun graag Die Kerkblad***

# BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




**R30.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R250.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**







**R8.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R180.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

PretoriaFM se volgende gesprek met die redakteur van *Die Kerkblad* vind DV plaas op **Sondag 22 Augustus 2021** om 07:45. U kan na PretoriaFM luister op 104.2 / 106.6 MHZ; of TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan Die Kerkblad:**
**Posbus 20008, Noordbrug 2522;**
**faks 018 293 1042**
**E-pos: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)**
**callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)**



**RESIDENTIA**
Wilgerus Senior Leefstylsentrum

VAN BOS TOT STRAND, MET
**14 SENIOR LEEFSTYLSENTRUMS**
REGOOR DIE LAND!

**WWW.RESIDENTIA.CO.ZA**

# ONTDEK *Residentia* WILGERUS

in die goed ontwikkelde plaasdorp
Frankfort aan die oewer van die
Wilgerivier in die Vrystaat

*Hier voel mens tuis!*

## DIE PLATTELAND

As jy wakker word met die vêrlangse gekraai van 'n haan en 'n hond wat blaf as hy sy baas groet, weet jy, dit is die platteland. Min dinge is so lekker as om kommervry in die oggendson rondom die geboue op 'n netjiese paadjie te stap vir 'n bietjie oefening met vars lug in jou longe. Die 24-uur sekuriteitdiens verseker jou veiligheid op die omheinde terrein van Wilgerus. Binne die geboue word jy verwelkom deur vriendelike personeel, lieflike kamers, pragtige dekor en gesellige kuier vertrekke. Op die groot sonstoep kan jy buite ontspan met 'n pragtige uitsig oor die platteland.



## ONS VERSORG

Wilgerus is ingerig vir die semi- en totaal afhanklikeversorgings behoeftiges. Die versorging sluit 'n gebalanseerde spyskaart met heerlike etes, drinkgoed, skoonmaakdienste, 'n wassery, wifi en DSTV skakeling vir elke kamer in. Vir diegene wat nog onafhanklik is, is daar verskillende woonstel opsies met skakeling na die eetsaal en ander dienste van versorging. Daar is ook afdakke/motorhuise beskikbaar en plaaslike apteke en besighede lewer bestellings gratis by Wilgerus af. Wilgerus is die plek waar jou hart vrede kan vind en jy jou lewe met vreugde kan vul omdat jou versorging vir ons belangrik is!



**058 813 3567**
wilgerus@residentia.co.za

Residentia is trots op sy Gereformeerde geskiedenis en ten spyte daarvan dat enige persoon wat ons waardes ondersteun kan inwoon, bied Residentia steeds 'n tuiste vir baie Gereformeerde lidmate. Residentia Wilgerus word ondersteun deur die aktiewe Plaaslike Gereformeerde Gemeente.

/ResidentiaCares